# Artikel 49(1): Gebruik van geweld tydens arrestasie

Vir doeleindes van hierdie artikel-

"arresteerder" beteken enige persoon wat in terme van hierdie Wet bevoeg is om 'n arrestasie of hulpverlening tydens 'n arrestasie uit te voer;

"verdagte" beteken enige persoon wie 'n arresteerder redelikerwys vermoed besig is om 'n misdaad te pleeg of alreeds 'n misdaad gepleeg het; en

Dodelike geweld beteken geweld wat in alle waarskynlikheid ernstige liggaamlike leed of dood kan veroorsaak en wat insluit maar nie beperk is tot die afvuur van 'n vuurwapen in die rigting van 'n verdagte, nie.

Indien 'n arresteerder poog om 'n arrestasie uit te voer en die verdagte verset hom / haar teen die gepoogde arrestasie of vlug, of verset hom / haar teen die gepoogde arrestasie en vlug wanneer dit duidelik is dat daar 'n poging is om hom / haar te arresteer en die verdagte kan nie gearresteer word sonder die gebruik van geweld nie, mag die arresteerder ten einde die arrestasie uit te voer, sodanige geweld gebruik as wat redelikerwys en proporsioneel in die omstandighede noodsaaklik is om die verset te oorkom en of te verhoed dat die verdagte vlug maar bykomend tot die vereiste dat die geweld redelik ,proporsioneel en noodssaklik in die omstandighede is, mag die arresteerder dodelike geweld gebruik slegs indien-

die verdagte 'n bedreiging van ernstige geweld teenoor die arresteerder of enige ander persoon inhou; of

die verdagte op redelike gronde vermoed word betrokke te wees by die pleging van 'n misdryf waarin die toediening of dreigende toediening van ernstige liggaamlike leed ter sprake is EN DAAR GEEN ANDER REDELIKE WYSE IS OM DIE ARRESTASIE UIT TE VOER, op daardie gegewe tydstip of later nie.

Die geweld na verwys in die eerste gedeelte van Art 49(2) het betrekking op die toepassing van enige geweld anders as dodelike geweld. Sodanige geweld mag deur 'n privaat persoon toegepas word in 'n poging om 'n verdagte te arresteer vir enige situasie in Art 42 voor voorsiening gemaak, mits die geweld toegepas redelik noodsaaklik en proporsioneel in die omstandighede is.

## Wanneer mag dodelike geweld gebruik word

Indien die verdagte ‘n wesenlike bedreiging van ernstige geweld teenoor die arresteerder of enige ander persoon inhou.

Hierdie vereiste kom neer op die gebruik van dodelike geweld in noodweer naamlik om die arresteerder of ‘n ander persoon te beskerm van ‘n bedreiging van ernstige geweld. (Die vereistes vir noodweer word hieronder bespreek en sal hier toepassing vind.)

Wanneer die verdagte op redelike gronde vermoed word betrokke te wees in die pleging van ‘n misdryf waarin die toediening of dreigende toediening van ernstige ligaamlike leed ter sprake is en daar geen ander redelike wyse is om ‘n arrestasie op daardie gegewe oomblik of later uit te voer nie.

Eerstens, moet die arresteerder ‘n vermoede op redelike gronde hê dat die verdagte ‘n misdryf gepleeg het waarin daar die toediening of dreigende toediening van ernstige ligaamlike leed plaasgevind het. Sodanige misdrywe is byvoorbeeld: verkragting, gewapende roof, poging tot moord of ander misdrywe waar daar ernstige liggaamlike leed aan die slagoffer toegedien is of waar daar ‘n bedreiging van ernstige liggaamlike leed was.

Tweedens moet die arresteerder oor geen ander redelike wyse beskik om die arrestasie op daardie gegewe oomblik of in die toekoms uit te voer nie.

Indien die verdagte byvoorbeeld ‘n onbekende gemaskerde persoon met handskoene is en ‘n poging word aangewend om hom te arresteer vir gewapende roof, sal dit oor die algemeen redelik wees in die omstandighede om ‘n vuurwapen te gebruik in die arrestasie omrede die arresteerder oor geen ander redelike wyse beskik om die verdagte op ‘n latere stadium te identifiseer en te arresteer nie (sy identiteit is onbekend, getuies kon hom nie identifiseer, sy adres is onbekend ens.)

## Toets vir Noodweer

Die toets wat howe toepas om te bepaal of die persoon wat in noodweer opgetree, regmatig gehandel het, is dié van die redelike persoon.  Die howe sal vra of die redelike persoon, in dieselfde posisie as die verdediger / beskermer, dieselfde sou optree in dieselfde omstandighede, (in aggenome die middele tot sy of haar beskikking, die tyd wat hy of sy gehad het om te reageer, die aard van die aanval, die belang wat bedreig word, ens.)  Die persoon wat in noodweer optree sal onregmatig handel indien hy of sy meer leed aanrig as wat nodig is om die aanval af te weer.